

Vooraf:

- Reël verversings vir die groep.
- Deel die teks vooraf met die groep. 'n Ander vertaling of twee sal help om die teks meer volledig te hoor.

Tafelmaniere

Die doel van hierdie tafelmaniere is om ruimte te skep waar ons God kan hoor en voorkom dat een persoon die gesprek oorheers.

Herinner mekaar aan julle groep se tafelmaniere wat julle saam geskryf het.



Verwelkoming:

- Verwelkom almal.
- Is daar iemand nuut in die groep?
- Oorweeg dit om 'n kers aan te steek om julle groep te herinner aan God se volledige teenwoordigheid deur die Heilige Gees.

Bid saam:

Neem 'n paar oomblikke. Raak stil en rustig. Haal diep asem. Laat iemand die volgende gebed lees:

O God, maak my vry!
Maak U waarheid sigbaar tussen leuens en oneerlikheid.
Red my van mense wat vals en boos is.
Want U, o God, is my veilige skuilplek.

Hoekom voel dit dan of U so vêr is?
Hoekom voel dit of vyande dan wen?

Stuur u lig en u waarheid; laat dit my lei.
Laat dit my bring na u heilige berg,
na die plek waar U woon.

Amen. (Verwerk uit Psalm 43:1-3, Nuwe Lewende Vertaling)

Gesels:

Ysbreker gesprek.

- Speel die speletjie "Two truths and a lie."
- Elkeen kry, kans om drie feite oor hom/ haarself te vertel. Twee van die feite moet die waarheid wees en een moet 'n leuen wees. Die groep moet dan probeer raai watter een van die feite die leuen was.

Teks:

Laat iemand die teks een maal hardop lees.

Matteus 5:33-37 (Die Bybel vir Almal)

³³“Julle weet ook die wette sê: ‘Jy moenie iets belowe wat jy nie wil doen nie,’ en ‘as jy vir die Here iets belowe het, dan moet jy dit doen.’ ³⁴Maar Ek sê vir julle: Jy moet nooit iets belowe en sê die Here is die getuie nie. Julle moenie iets belowe en sê die hemel is die getuie nie, want die hemel is die troon van God. ³⁵Julle moenie iets belowe en sê die aarde is die getuie nie, want die aarde is die plek waar God se voete rus. Julle moenie iets belowe en sê Jerusalem is die getuie nie, want Jerusalem is die stad van God, die Groot Koning. ³⁶Jy moenie iets belowe en sê jy is self die getuie nie, want jy kan nie self een haar op jou kop wit of swart maak nie, jy kan nie die kleur verander nie.

³⁷“Sê ‘ja’ wanneer julle ‘ja’ wil sê, en sê ‘nee’ wanneer julle ‘nee’ wil sê. Dit is die duiwel wat vir julle meer as dit laat sê.”

Laat elkeen die teks 'n tweede maal self deurlees en wag dat iets vir hul uitstaan.

Gesels in die groep oor die volgende:

- Gesels 2-2/ 3-3 oor wat julle nie verstaan nie of wat vir hulle vreemd is. (*As die tieners nie vir mekaar kan help om meer duidelikheid te kry nie, kan hulle in die groep vra wat hulle nie verstaan nie.*)
- In die Ou Testament se tyd het hulle mense probeer help om leuens uit te kanselleer deur 'n eed of belofte met God of die tempel of Jerusalem of die aarde as getuie te maak. Dis iets wat nie kon beweeg nie en wat altyd daar sou wees. Maar nou het mense halwe waarhede begin vertel as die volle waarheid en dan met 'n eed by Jerusalem belowe dat dit waar is. Was, was dit slegte maniere om daardie persoon aan te vat as 'n leuenaar.
- Wat dink julle wou Jesus hê moes die mense daar teen die berg oor eerlikheid hoor?
- Hoe laat dit jou voel wanneer mense:
 - iets vertel en oral in die storie herhaal hulle “ek belowe vir jou” of “jy moet my glo” of “jy kan maar vir so en so gaan vra.”
 - Die waarheid praat, maar belangrike feite van die waarheid uitlaat (wat jy gewoonlik eers later uitvind.)
 - Stilbly wanneer ander jok en jy weet hulle ken die waarheid?
- Wat is die verskil tussen 'n leuen en 'n verskoning?

Groepwerk Gesprek Raamwerk

- 'n Wetenskaplike het uitgevind dat mense gemiddeld 3,3 keer in 10 minute jok (van volledige leuens, wit leuentjies, halwe waarhede, verskonings.) Hoekom gebruik julle soms jok stories of verskonings?
- Die teksgedeelte gee vir ons twee leidrade oor hoe om leuens/ verskonings uit te ken, maar ook hoe om die waarheid uit te ken. Kyk gou weer daardeur om te sien wanneer jyself besig is om te jok of die waarheid te praat.
- Wat is die gevolge daarvan wanneer ons gereeld jok? Wat gaan die gevolge wees wanneer ons bekend is vir die waarheid praat, selfs al laat dit ons in die moeilikheid beland?
- **Wat sê die teksgedeelte vir jou? Wat het vir jou uitgestaan? Wat is die boodskap wat Jesus vandag vir jou wil gee?**

Bid vir mekaar oor wat die teks vir julle sê, asook vir wat alles vir julle voorlê vir die res van die week.

Voor julle uitmekaargaan, maak onder mekaar seker oor die volgende:

- Is almal op die kommunikasie-lys?
- By wie kom die groep volgende week bymekaar?